

GENERIESE BESTUURSKALENDER – SOMERREËN GEBIED

APRIL & MEI

Die NWKV se Produksie Advies Diens publiseer elke 2 maande 'n lys van bestuurs-aksies wat ons as belangrik vir die volgende 2 maande beskou. Dit sal u help om u veekudde beter te bestuur.

1 Lammer-ooie en lammers (vorige jaar se lente-paring ooie)

- 1.1 Soog-en-droog die ooie 8 weke nadat die ooie begin lam het. Merk die ooie wat nie 'n lam by hulle het nie. Hierdie ooie moet so gou moontlik uit die trop verwyder en verkoop word.
- 1.2 As die suiplammers goed groei, is dit nie nodig om kruipvoeding te verskaf nie. Moenie 'n kruipvoeding gee wat meer as 10% ruvoer in het nie – die lammers kan nie die ruvoer verteer nie.
- 1.3 Skuif die ooie en lammers na nuwe kampe wanneer die lammers gemiddeld 60 dae oud is. Die ooie se melkproduksie neem dan af en die lammers begin sterk wei. Hulle grootste kompetisie is dan die ooie en hulle het dan goeie weiding nodig.

2 Dieregesondheid

- 2.1 As u goeie reën gehad het, sal daar moontlik oral oop grondwaters wees (soos gronddamme). Hierdie waters gaan binnekort 'n groot bron van besmetting vir peervormige slak wees (sodra die water begin opdroog). Die sekerste teken van peervormige slak besmetting is erge maagwerk (gewoonlik swart van kleur). Treë vinnig op as u hierdie simptome waarneem, want die diere verloor baie vining kondisie, veral die lammers.
- 2.2 Lewerslak kan ook 'n probleem word. Let op vir kwakkele. Diere wat van nou af kwakkele ontwikkel, het waarskynlik eerder lewerslak as haarwurm.
- 2.3 U sal moet oorweeg om vir die res van u boer-loopbaan teen slenkale te ent. Ent alle vervangings-ooie met die lewendige entstof (verkieklik twee keer, ses maande uitmekaar), en u kan gerus slaap dat die diere

lewenslange immuniteit sal ontwikkel. Die koste is BAIE minder as die verliese.

BELANGRIK: KONTAK U PLAASLIKE VEEARTS AS U OOR ENIGE VAN DIE DIERE-GESONDHEID AANBEVELINGS TWYFEL! MOENIE DRAGTIGE OOIE MET LEWENDIGE ENTSTOWWE SOOS BLOUTONG EN SLENKDAL ENT NIE. DIT KAN ABORSIES VEROORSAAK. LEES ALLE ENTSTOWWE, DOSEERMIDDELS EN VOERE SE PAMFLETTE OM U TE VERGEWIS VAN DIE VEILIGE GEBRUIK DAARVAN.